## LENTEDANKFEES 2019

Ons Lentedankfees is DV op 30 Augustus vanaf 17:30 in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig! Vul ook die briefie onderaan in en plaas in die kollektesakkie of gee by kantoor af, asseblief! Ons het almal se deelname nodig, want ons inkomste uit feeste is 'n belangrike deel van ons begroting.

- **KLEINKOEKIES & LEKKERS:** Ons benodig mense om kleinkoekies te bak. U hoef nie 'n baasbakster te wees nie—bak sommer die koekies wat jy vir jou kinders of kleinkinders bak. Ons verkoop ook tuisgemaakte lekkers. As jy by die tafel kan help, kontak asb vir Angelina Strydom by 0735212692.
- **BESKUIT en BROOD:** Ons benodig mense wat allerhande soorte beskuit, klein broodjies (bv. Piesangbrood) en potbrode kan bak. As jy kan help, kontak asb vir Lizzie Heunis by 0727530782.
- **KOMBUIS:** Ons het mense nodig wat kan help groente skil, rys kook, skep, verkoop, en lekker gesels. As jy kan help, kontak vir Cecile le Roux 0846200499.
- **HAP EN KUIER:** Ons het braaiers, skeppers, verkopers, en smeerders nodig. As jy wil help, kontak vir Aletta Hanekom 0828246548 of 6932710.
- **POEDING:** Ons het baaie poedings nodig, maar ook skeppers en verkopers. Ons het ook 2L roomysbakke nodig. As jy kans sien om te help, kontak Annie van Zyl 6930440 of 0723309709.
- **KINDERTAFEL:** Hierdie vrolike span verwelkom graag nuwe helpers met lekker idees. Ons het ook goeie tweedehandse speelgoed nodig. As jy wil help, kontak Jeanne Smit by 6911450 of 0842843378.
- **PANNEKOEK:** Ons het bakkers en rollers nodig. Kom help asb — bel vir Driekie Muller by 6904372 of 0762377928.
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Ons verkoop koeke en terte van alle kleure, vorms en groottes. As jy wil help bak, verkoop of gesels, kontak Elise Claassen 6912813.
- **TEETUIN:** Ons maak lekker koffie en tee met soet en sout eetgoedjies. Kom help, jy gaan dit beslis geniet en nuwe vriende maak! Kontak vir Marie Lofty-Eaton 0721422313 of 6904215.
- **MARK:** Ons verkoop groente, ingemaakte produkte, interessante geskenkies en boeke, naaldwerk en ander handgemaakte items, en rare items. As jy wil help bymekaar maak en verkoop, kontak vir Albert en Esmé Meyer by 0842000933 of ds Danie 0847014386.
- **PASTEIE:** Ons bak en verkoop hoender, wild en ander interessante pasteie van verskillende groottes. Ons gaan bak die pasteie by 'n supermark indiens nodig. Ons benodig ook baie rolle skilferkorsdeeg. As jy wil help vleis af-kook, bak, verkoop, ofs kenk, kontak asb vir Joey de Jager by 0732988142.
- **WIT OLIFANTE:** Ons is 'n 'n lekker span manne wat 'n oog het vir 'n winskopie. Ons het sterk arms en goeie geselskap nodig. Kontak vir Dries Wheeler 6934504 of 0827143322.
- **VLEIS:** Ons verkoop vleis en wors. Ons het baie hande nodig om beeste te verwerk en pakkies te help maak—hou afkondiginge dop vir dag en tyd. Ons benodig ook kontant en vleis skenkings. Om beeste aan te koop, vra baie kontant. As jy wil help op een of ander wyse, kontak asb vir ds André Kritzinger 6932462 of 0846132462.

**<u>Die volgende word benodig</u>:**

* Hoender en wildsvleis vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke en poedings
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk, suiker
* Wit olifante en speelgoed
* Ons het regtig mense nodig om by die tafels te help!





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 18 AUGUSTUS 2019**

ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

*"Wie kan die magtige dade van die Here onder woorde bring? Wie kan sy lof ten volle verkondig? Dit gaan goed met mense wat die reg handhaaf, wat by elke geleentheid geregtigheid doen." (Psalm 106:2-3)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**09:00—Kerkgebou**
Ds André

**09:30—Vleesbaai**
Ds Danie

Spesiale offer vir Alta du Toit Skool

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | Geen |

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00—Kerkgebou**
Ds André

**09:30—Vleesbaai**
Ds Robert

Spesiale offer vir die Blommekomitee

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | 10:00 in die "gat" |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



| | |
|---|---|
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:30 Bybelstudie saal (ds Robert)<br>09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)<br>09:30 Bybelstudie saal (ds André)<br>19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 15:30 Biduur Santos 1 (ds Danie)<br>18:30 Selgroep Boekenhoutstr (ds André) |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal<br>09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert) |

**NUWE MENSE—Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel. Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

**BAIE WELKOM NUWE LIDMATE:** Die volgende lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas: Hester A Steyn (Fynboshoogte) - vanaf Monte Vista.

# IN FOKUS:

**KOSKAS:** AUGUSTUS is Streek B se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir Magdalenahuis was R2574-80.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**LENTE DANKFEES:** Ons begin reeds aankope doen vir die vleistafel (beeste, vark, speserye, derms). Kontant donasies is welkom.

**BESKUIT:** By Sondag se koffie en tee kuier na die erediens—daar is slegs beskuit as ons donasies kry om beskuit te laat bak, of wanneer iemand beskuit vir die geleentheid skenk. As julle dus hou van 'n beskuitjie by julle tee of koffie, bak 'n baksel of gooi 'n geldjie in die blikkie!




**VLEESBAAI:** Skud solank julle vere reg—vanaf 1 Sept begin die erediens om 09:00.

**MATRIEKDIENS:** Ons nooi die matrieks en hul ouers na die diens van 25 Aug om 09:00. Koffie en 'n lekkerny sal na die diens bedien word.

**KERKRAAD:** Ons het tans 'n paar vakatures op die kerkraad. Gemeentelede kan ook iemand nomineer. Skakel gerus een van die dominees as u wil weet wat die prosedure is.

**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse: André du Preez Hoogstr, Marietjie Barnard Hartenrus, Ronnie Vermeulen Huis Elsjé, Willie J van Rensburg Ysterhoutsingel, Wessel de Lange Apiesdoringstr.

**STERFTES:** Tokkie Marx (eggenoot van Alwyn) Fijnboschpark. Bettie Welch Ons Huis (ma van Anna Bester en ouma van Lezé Frost). Hannes Cronjé (eggenoot van Elsa en swaer van Pierrie Stander) Stigmastr.

**FINANSIËLE BYDRAES:**

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031

**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886



# GEBEDSBULLETIN

***Augustus se tema*:** **GOEDHARTIGHEID (GOEDHEID) - Augustus is ook barmhartigheidsmaand in die NGK.**

Die antropoloog Margaret Mead het gesê dat die vroegste teken van beskawing in enige kultuur sou 'n femur (dybeen) wees wat genees het. 'n Femur wat genees het in die "surival of the fittest"-reël van die oerwoud beteken dat een persoon 'n ander, wie se dybeen gebreek was, se jag- en versorgingstaak oorgeneem het totdat die ander een se femur kon aangroei en genees. Die bewys van deernis (compassion) is die eerste teken van beskawing.

## DANKSEGGING:

- Vir liefdevolle omsien en uitreik.
- Goedhartigheid en barmhartigheid rym met warmhartigheid. Jesus het vir ons God se hart kom wys, sy hart vir verlorenes, randfigure en uitgeworpenes. Die Gees bewerk daardie selfde goedheid in ons.
- Vir mense se harde werk in voorbereiding vir die Lente dankfees.
- Vroue-maand: loof die Here vir inisiatiewe om geweld teen vroue en kinders te probeer voorkom.

## GEBED EN SMEKING:

- Deuroffers vir Die Alta du Toit-skool in Kuilsrivier: onderrig aan leerders (uit alle kulture - ouderdom 6 tot 18 jaar) wat intellektueel erg gestremd is en nie in hoofstroom onderwys met akademiese vakke kan aanpas nie. Leerders kan volgens hulle eie vermoë en tempo ontwikkel. Die kurrikulum fokus op vaardighede soos selfversorging, kommunikasie, uitvoering van huishoudelike take, sinvolle tydsbesteding, arbeidgerigte-vaardighede (koekbak, mandjievleg, brei, mosaïek, sement en tuinwerk), asook eenvoudige begrip van godsdiens. Daar is drie koshuise vir leerders wat ver woon en bussies wat dagskoliere vervoer.
- Ons land - korrupsie, misdaad, geweld, arbeidsonrus, dienslewering (munisipaliteite).
- Die media en die kunste.
- Kinders in gebroke huise - egskeiding of die dood van 'n ouer. Bid vir
- voorsiening op tydelike en geestelike vlak en vir rolmodelle.
- Privaat sekuriteitsmaatskappye.

